Hoekom behoort ons aan die Lutherse kerk?

Lutherse Christene glo dat die kerk van Jesus Christus groter as enige enkele kerkverband is.

Die Lutherse Kerk is sterk beïnvloed deur die insigte van Martin Luther (1483-1546) wat hy vanuit studies van die Bybel gekry het. Hierdie insigte kan Christene help om vrolike, bevryde en verantwoordelike kinders van God te word.

Wie is God?

Lutherane glo in een God wat Homself as Vader, Seun en Heilige Gees geopenbaar het. Ons kan God alleenlik deur Jesus Christus, sy Seun, verstaan. Hy openbaar homself aan ons as ons liefdevolle Skepper en Vader. Deur die dood van Jesus aan die kruis wys God vir ons dat Hy bereid was om alles vir ons op te offer. Deur die opstanding van Christus uit die dood maak God duidelik dat die lewe uiteindelik oor die dood seëvier. Die lewe, dood en opstanding van Jesus Christus is vir ons die belofte dat - wat ookal mag gebeur - God nie teen ons is nie, maar dat Hy aan ons kant is. As Christene glo ons dat ons in alles, wat ons ervaar, na die Here toe kan gaan en die toekoms met vreugde en geloof kan aandurf. God is met ons in goeie sowel as slegte tye van lyding en wanhoop.

Deur sy Heilige Gees open God ons verstand sodat ons kan begryp; Hy maak ons harte oop sodat ons kan glo en Hy gee aan ons die krag om as Christene te lewe.

Wat beteken dit om as Christen te lewe?

Die gebooie (wet) van God wys vir ons dat ons nie volmaak en sonder foute is nie. Maar omdat God ons deur Jesus Christus aanvaar, verander Hy ons en bemagtig ons om sy medewerkers in hierdie wêreld te wees. Ons identiteit is in Christus en nie in ons eie aksies, goeie dade of prestasies nie. As volwasse seuns en dogters van God is ons ook betrokke by die visie van God vir hierdie wêreld. In alles wat ons doen, streef ons daarna om die volgens die "groot gebod" te lewe om die Here en ons naaste lief te hê soos onsself. (Matteus 22,27-39)

Wat van die Bybel?

Net soos ons God deur Jesus Christus verstaan, lees en verstaan ons ook die Bybel deur Jesus Christus. Die boodskap van die evangelie van verlossing alleenlik deur genade is die "lens" waardeur ons na die hele Bybel kyk. Dit beteken dat elke teksgedeelte van die Bybel daarvolgens geinterpreteer moet word óf en hoé hulle die goeie nuus van Christus se liefde verkondig en bevorder. Om die Bybel verantwoordelik te lees en te gebruik, beteken dat ons verseker dat ons interpretasie van die skrif die saak van Christus bevorder.

Doop en nagmaal (die sakramente)

Die sakramente is God se verlossende woord in 'n baie spesiale tasbare gestalte.

Deur die doop het ek deel aan die dood en opstanding van Christus. Ek word sonder enige twyfel syne. Vir eens en vir altyd word ek deel van die gemeenskap van gelowiges. Omdat ons glo dat die genade van God aan ons gegee word, sonder dat ons dit op enige manier eers moet verdien, doop ons gewoonlik suigelinge.

Ons geloof is die antwoord op God se onvoorwaardelike aanbod. In geloof gee ons onsself oor aan God, nie net eenkeer nie, maar altyd weer, ons hele lewe lank.

Deur die nagmaal is die opgestane Here Jesus Christus teenwoordig in die brood en wyn, hou aan om die geloof van sy mense te versterk en bind hulle saam as sy liggaam.

En die kerk?

Die kerk is die gemeenskap van die gelowiges waar die woord van God verkondig word en die sakramente bedien word.

Ons as gelowiges lewe deur die krag van die Heilige Gees wat aan elke Christen spesiale gawes en talente gee. Ons gebruik hierdie gawes om die goeie boodskap in woord en daad te verkondig, die gemeenskap van die gelowiges op te bou en om Christus in hierdie wêreld te dien.

Lutherane glo dat geen christen meer (of minder) belangrik is as die ander een nie. Ons almal deel in die groot taak en voorreg om boodskappers van God in hierdie wêreld te wees (die sogenaamde „bediening deur alle gelowiges", I Petrus 2,9).

As Lutherane is ons deel van die groot gemeenskap van Christene wat dankbaar en met vreugde glo en verkondig dat Jesus Christus die Here is.

NELCSA
Northeastern Evangelical Lutheran Church in South Africa

NELCSA.net